# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**30/09/2011**



## ARCHER SE EIE BOKKIE!

Daar het groot opgewondenheid in die gange van Archer en Pinehurst geheers nadat Percy Williams vir die SA Skole Rugbyspan gekies is om teen die Franse te speel.

En Percy het Struisies nie teleurgestel nie - hy was beslis een van die uitblinkers vir die Bokkies in hul oorwinning oor die Franse.

Ons wens Percy alles van die beste toe vir sy rugbytoekoms by die Goue Leeus.

## NUWE KOSHUISLEIERS VIR 2012:

**PINEHURST**

Hoofdogter: Demi Grundlingh
Onderhoofdogter: Mareli Janse van Rensburg
Prefekte: Amelia Calitz, Dorinda Fourie en Anica Potgieter.

**ARCHER**

Hoofseun: Martin Koorts
Onderhoofseun: Giel Swiegers
Prefekte: Jannie Ellis en Jaco Geyser.

Die koshuisbesture en koshuisraad wens elke nuwe koshuisleier en hul ouers alles van die beste toe vir die termyn wat voorlê.

Baie geluk ook aan Anica Potgieter en Marette Vorster wat as VRL-lede verkies is.

## "ONTWERPER" ANICA

Die Nasionale LIBERE "Ontwerp-vir-werk"-kompetisie word jaarliks landwyd aangebied. Die prototipe ontwerp word deur werkloses vervaardig om dan 'n inkomste te verdien.

Anica Potgieter het haar prestasie van verlede jaar herhaal en het weer die eerste plek met haar juweliersontwerp verwerf.

Baie geluk!



## WELKOM AAN AL DIE PRICIPIANE!

Dit is vir ons baie aangenaam om al die leerders wat vanaf Principia by Pinehurst en Archer aangesluit het, welkom te heet. Ons is seker dat hulle die verblyf in Struisieland baie gaan geniet en beslis 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling te lewer het.

Baie welkom!

## EERSTE "KOSHUISBABA" IN JARE



**Meneer Lammie en Tannie Deoni Brand het gesorg dat daar 'n bambino op pad is. Hulle verlaat egter Pinehurst aan die einde van die kwartaal. Baie dankie vir die diens wat albei van julle die afgelope twee jaar gelewer het. Sterkte met die kleinding!**

## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Huismoeder: Mev. Franzie Steynberg | 044-2726155 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me Marianne Niehaus | 078-5025966 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Huismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Mnr. Stephan Viljoen | 073-1559999 | |
| Mnr. Gerrit Oosthuizen | 072-9467562 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |
| Koshuisraadvoorsitter: Mnr. Nico de Wet | 082-8234789 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## "BATTLE OF THE TABLE"-KOSHUISDINEE 2011

Dit was weer 'n sprokiesmooi aand toe die "Battle of the Table"-koshuisdinee deur die Graad 10-leerders aangebied is in samewerking met Tannie Franzie en Tannie Susan.



Dit was 'n onvergeetlike aand en die wentafel vanjaar was die Matriektafel. Die tweede prys is deur Anica Potgieter se tafel gewen en in die derde plek was die tafel van Jennie Nortjé en Zandile Senekal. Die prys vir die oorspronklikste tafel is aan Rinli Scheepers toegeken.

Baie geluk en baie dankie aan al die persone wat bygedra het - in die besonder die Herrie wat die drukwerk gedoen het

## KOSHUISRAADBESLUITE

- Die huidige reëling dat geen koshuisleerder 'n voertuig op die koshuis– of skoolterrein mag bestuur nie, word gehandhaaf. Die parkering van voertuie in die straat word ook ten sterkste afgekeur.
- Die beskikbaarstelling van afstandbeheerapparate vir hekke aan ouers word ook afgekeur.

**REGSTELLING:** In die vorige uitgawe het die naam van Rossouw du Toit uitgeval met die samestelling van die nuusbrief. Rossouw is ook gekies om die SWD Akademie Rugbyspan by die nasionale week te verteenwoordig. Baie geluk!